# Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

## DAG 7 — DIE DRIE ENGELE BOODSKAP, DIE SABBAT EN GEBED

"*Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie. En die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die Here lief te hê deur sy knegte te wees — elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke*." – Jesaja 56:5-7

### Geskape met 'n Doel

Die drie engele se boodskap is 'n duidelike boodskap tot aanbidding van die Skepper. Ons is nie daar as gevolg van evolusie nie. Ons is nie 'n genetiese ongeluk nie. God het ons geskep en die lewe is 'n kosbare geskenk wat van Jesus kom. Die apostel Johannes verklaar, "*U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape.*" (Openbaring 4:11). Dit is 'n inspirerende gedagte om te besef dat ons ontstaan het deur die wil van God. Die Sabbat herinner ons daaraan dat ons met 'n doel geskape is. Dit neem ons terug na ons tuin woning in Eden en herinner ons aan 'n liefdevolle Skepper wat net die beste vir ons lewens begeer. In 'n wêreld van swaarkry, siekte en ellende belowe die God van die Skepping dat Hy ons "nooit (sal) begewe en ons nooit (sal) verlaat nie." (Hebreërs 13:5). Hierdie feit alleen behoort ons na ons knieë te dwing in lof aan God vir die geskenk van lewe en om te ontdek watter spesifieke planne Hy vir ons lewens het.

### Die Sabbat— 'n Oproep tot Gebed, Lof en Bekendmaking

Die Sabbat herinner ons ook aan die geskenk van verlossing. Soos ons rus op die Sabbat, rus ons ook in die voltooide werk van Christus in ons plek of namens ons. (Hebreërs 4:9, 10). Ons rus in Sy genade. Die Sabbat is nie 'n wettiese vereiste wat aan die nasie van Israel gegee is nie. Dit is 'n genade-gevulde dag vir die hele mensdom, wat ons daartoe lei om geheel en al op Christus te vertrou vir ons verlossing (Jesaja 56:6, 7). Jesus het die Skeppingsweek afgesluit met die woorde, "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag Sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy gemaak het." (Genesis 2:1, 2). Hy het ook Sy voltooide werk aan die kruis afgesluit met die woorde, "Dit is volbring." Ons het niks te doen gehad met die skeppingswerk van Christus aan die begin nie. Hy het die werk begin en Hy het die werk voltooi. Net so het ons niks te doen gehad met Christus se werk van verlossing aan die kruis nie. Hy het die werk van verlossing begin en Hy het dit voltooi. Die Sabbat herinner ons om ons te verheug in Sy liefde, te rus in Sy sorg en te roem in die Christus wat so 'n hoë prys betaal het vir ons verlossing. Die Sabbat is 'n oproep tot gebed, 'n oproep tot lofbetuiging, 'n oproep om Sy goedheid te verkondig.

Die Sabbat herinner ons ook dat ons nie alleen is in 'n verlate wêreld van hartseer nie. Die prag van die natuur spreek steeds van ons Skepper God in hierdie wêreld met sy hartseer. Die Sabbat neem ons terug na die Skepping, maar dit wys ook na 'n toekoms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waar God die wêreld sal herskep tot die prag van die eerste Eden.

Die Sabbat is 'n dag van danksegging. Ons is dankbaar dat God ons geskape het en dat Hy planne het vir ons lewens. Ons is dankbaar dat Hy ons verlos het en dat Hy so 'n ongelooflike prys vir ons betaal het. Ons is dankbaar dat Hy weer terugkom vir ons en 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde vir ons gaan skep. Laat ons

Hom soek met dankbare harte terwyl ons bid.

## Gebedstyd (30-45 Minute)

### Bid God se Woord – Jesaja 56:5-7

"*Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie. En die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die Here lief te hê deur sy knegte te wees — elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.*"

### "Ek sal aan Hulle"

*God, U het almal van ons geskape. Dit was U wil dat ons bestaan en U verlang om gemeenskap met ons te hê. Ja, U verlang die verlossing van die hele mensdom. Elke nasie en stam en taal. Ons loof U daaarvoor! Dankie vir die weeklikse Sabbat wat ons aan hierdie realiteit herinner.*

### "Elkeen Wat die Sabbat hou en dit nie Ontheilig nie"

*Here, te dikwels verbreek ons die Sabbat of hou dit nie heilig nie. Vergewe ons asseblief. Help ons asseblief om die Sabbatsure te bewaak en veral om U te erken en U naam groot te maak gedurende die Sabbat. Gee ons geopende oë en ore om U te ken en om elke dag U wil te doen, sodat ons U getrouheid kan vier en op die Sabbat sal getuig van U getrouheid gedurende die week.*

### "Hulle wat Vashou aan My Verbond"

*Jesus, baie dankie dat die Sabbat nie slegs 'n teken en 'n geleentheid is om U te onthou as ons Skepper nie, maar dat dit ook n teken is van verlossing. Dankie dat ons kan rus in die versekering van U geregtigheid, wat ons bedek en vul sodat ons kan vashou aan U verbondsbeloftes. Mag ons Sabbatonderhouding 'n weerspieëling wees van 'n daaglikse ondervinding van U getrouheid aan ons.*

### Nog Gebedsvoorstelle:

**Dank en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof God vir Sy goedheid.
**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.
**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.
**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* Crowning Jewel of Creation (385)

*Adentlofliedere:* Kom, gedenk die Sabbat (380); Die dag van Rus en Blydskap (389); Sing, o Sing weer die Boodskap oor (162); Jesus, Wat My Siel bemin (116); Ek gaan langs Weë hoog en Steil (317); Hoe Lieflik die Tyding (407); Laat ons wat God Bemin (435)